

Maandelikse gemeentebrief September 2018

“It takes a village...”

As kind, die jongste van drie, het ek dikwels gedroom oor hoe ek my eie ding eendag gaan doen. Op universiteit 'n paar jaar later het ek met sterre in my oë geglo dat ek van die wêreld 'n beter plek kan maak. Nog 'n paar jaar later, verder weg van jonk en 'n bietjie nader aan ouer, het daar 'n nuwe droom in my hart kom neskop: met elke omblaai van 'n kalenderjaar kom die diep besef dat ek mal is oor mense... en dat ek mense nodig het. Baie mense. Ek wonder of my jonger self dit sou glo? Waar ek eers gedroom het daarvan om “my eie ding te doen” verlang ek nou na kuiers saam met my gesin. Ek onthou staaltjies uit my kinderjare en ek besef al meer dat iets van elk van my familieleden in my leef. Ek is ek, as gevolg van my onvolmaakte, wonderlike, liefdevolle, soms raserige familie.

Ek glo steeds die wêreld kan 'n beter plek word, maar nou besef ek hoe baie mense nodig is vir daardie verandering. Die tiener met haar aweregse uitkyk op die lewe en haar kort rokkie. Die lagbekseuntjie met sy taai handjies en regop kuifie. Die oom met sy blokkieshemp en plooië op die voorkop, wat alles dieselfde wil hou. Die tannie met die raakvathande en die voete wat nie meer in hakskoene wil loop nie. Die werkende ma met moeë skouers en 'n glimlag in haar oë. Die beroepsman met sy blink kar en wit glimlag. Die onderwyser, die dokter, die CA, die bouer, die tuisblyma, die ouma, die sekretaresse, die skolier, die skoonmaker, die werklose, die bankier, die afgetredene, die bloemiste en die baba. Dié wat maklik glo en hulle wat op die rand staan en alles met minagting dophou. Die kwaaië, die lafaards, die vredemakers en die baanbrekers.

Ek het hulle almal nodig. Ek het nodig om vorentoe gedruk te word en ek het nodig om teruggehou te word. Ek het nodig om getroos te word en ek het nodig om mee geraas te word. Ek het nodig dat iemand saam met my sit en huil en ek het nodig dat iemand soms net laf saam met my lag.

September is lentemaand. Die aanbreek van 'n nuwe seisoen. My grootste wens is dat ons in hierdie seisoen sal onthou dat ons mekaar nodig het. Ons leef in 'n land waar elkeen wat anders is ons vyand geword het en elkeen wat dieselfde is, ons kompetisie is. Ons is bang vir mekaar. Elkeen veg om oorlewing, en konflik lê net onder die oppervlak – gereed om ons almal te verwoes. Ek bid dat jy, soos ek, sal agterkom dat jy elke mens, hoe vreemd en hoe anders ook al, nodig het. En dat iets van elkeen in jou leef.

Ons gemeente se waarde van “vreemde gasvryheid” lê my na aan die hart. Mag ons mense laat tuis kom en terselfdertyd somer diep vriende word. Want om die gemeente te laat werk en om jou menswees te laat werk het ons almal bitter nodig.

Hettie Wessels